

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Donderdag 2 Januarie 1986 WINDHOEK Thursday 2 January 1986 No. 5158

INHOUD:

CONTENTS:

Bladsy

Page

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

- No. 1 Regulasies kragtens die Wet op die Kredietooreenkomste, 1980 1
- No. 2 Verklaring tot nasionale gedenkwaardigheid: Resterende Gedeelte van Erf 269, Lüderitz Dorp, met die skakelhuis daarop. 4

GOVERNMENT NOTICES

- No. 1 Regulations under the Credit Agreements Act, 1980 1
- No. 2 Declaration as national monument: Remaining portion of Erf 269, Lüderitz Township, including the semi-detached house thereon 4

ALGEMENE KENNISGEWINGS

- No. 1 Munisipaliteit van Grootfontein: Munisipale tussenverkiesing — 21 Oktober 1985 verkiesingsuitgawes 5
- No. 2 Erf no. 15 geleë in Outjo Dorp groot 3986 vierkantmeters 5
- No. 3 Erf no. 39 geleë in Outjo Dorp groot 9341 vierkantmeters 6
- No. 4 Munisipaliteit Swakopmund: Wysiging van Smousen Venterregulasies 6
- No. 5 Munisipaliteit Tsumeb: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies 7
- No. 6 Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Lokasieregulasies 8

GENERAL NOTICES

- No. 1 Municipality of Grootfontein: Municipality by-election: 21st October 1985 electoral expenses 5
- No. 2 Erf no. 15 situate in the Outjo Township measuring 3986 square meters 5
- No. 3 Erf no 39 situate in the Outjo Township measuring 9341 square meters 6
- No. 4 Municipality of Swakopmund: Amendment of Hawker and Pedlar Regulations 6
- No. 5 Municipality of Tsumeb: Amendment of Native Location Regulations 7
- No. 6 Municipality of Karasburg: Amendment of Location Regulations 8

Goewermentskennisgewings

Government Notices

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 1 1986

No. 1 1986

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP
KREDIETOOREENKOMSTE, 1980

REGULATIONS UNDER THE CREDIT
AGREEMENTS ACT, 1980

Kragtens artikel 3 van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet 75 van 1980), vaardig die Kabinet hierby die regulasies vervat in die Bylae uit.

Under section 3 of the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980), the Cabinet hereby makes the regulations set out in the Schedule.

Op las van die Kabinet

J.G.A. DIERGAARDT

Voorsitter van die
Kabinet

Windhoek, 28 November 1985

BYLAE

Die Regulasies op Kredietooreenkomste afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 68 van 1981 word hierby verder gewysig —

- (a) deur in regulasie 3(1) die uitdrukking "items 14 tot 18" deur die uitdrukking "items 12 tot 16" te vervang;
- (b) deur in regulasie 4(1) en (2) die uitdrukking "items 19 en 20", oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking "items 17 en 18" te vervang;
- (c) deur in regulasie 4(3) die uitdrukking "items 14 tot 18" deur die uitdrukking "items 12 tot 16" te vervang; en
- (d) deur die Aanhangsel daarby deur die volgende Aanhangsel te vervang:

"AANHANGSEL"

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3
Goedere	Gedeelte van kontantprys in persentasie uitgedruk.	Afbetalings termyn Maande van af datum van lewering
1. Toerusting vir die slyp van krukasse	33,3	24
2. Herboor- en soetslyptoerusting	33,3	24
3. Lynboormasjiene	33,3	24
4. Masjiene vir die vernuwing van suierstange	33,3	24
5. Vlakslypers vir die motoringenieursbedryf	33,3	24
6. Enjindinamometers	33,3	24
7. Huishoudelike meubels met inbegrip van tuinmeubels, matrasse, vloertapyte en vloermatjies, ongeag die materiaal waaruit hierdie artikels vervaardig is	10	24

By order of the Cabinet

J.G.A. DIERGAARDT

Chairman of the
Cabinet

Windhoek, 28 November 1985

SCHEDULE

The Regulations on Credit Agreements promulgated by Government Notice AG. 68 of 1981 are hereby further amended —

- (a) by the substitution in regulation 3(1) for the expression "items 14 to 18" of the expression "items 12 to 16";
- (b) by the substitution in regulation 4(1) and (2) for the expression "items 19 and 20", wherever it occurs, of the expression "items 17 and 18";
- (c) by the substitution in regulation 4(3) for the expression "items 14 to 18" of the expression "items 12 to 16"; and
- (d) by the substitution for the Annexure thereto of the following Annexure:

"ANNEXURE"

Column 1	Column 2	Column 3
Goods	Portion of the cash price expressed in percentage	Period of payment Months from date of delivery
1. Crankshaft grinding equipment	33,3	24
2. Reboring and honing equipment	33,3	24
3. Line boring machines	33,3	24
4. Connection rod reconditioning machines	33,3	24
5. Automotive surface grinders	33,3	24
6. Engine dynamometers	33,3	24
7. Household furniture, including garden furniture, mattresses, floor carpets and floor rugs, irrespective of the materials from which these articles are manufactured	10	24

<p>8. Elektriese en nie-elektriese toestelle vir huishoudelike gebruik, met inbegrip van radio's asook grammofoon, klankopnemers en -weergewers, platespelers, band- en draaddekke, luidsprekers en klankversterkers en bybehore van hierdie artikels, maar uitgesonderd draagbare radio's en motorradio's en koolstowe</p>	10	24	<p>8. Electrical and non-electrical appliances for domestic use, sound recorders and reproducers, record players, tape and wire decks, loudspeakers and amplifiers and accessories for these articles, but excluding portable radios and car radios and coal stoves</p>	10	24
<p>9. Kampeertoerusting, met inbegrip van tente, maar uitgesonderd woonwaens</p>	10	24	<p>9. Camping equipment, including tents but excluding caravans</p>	10	24
<p>10. Juweliersware en onderdele daarvan, met inbegrip van uurwerke en horlosies</p>	10	24	<p>10. Jewellery and parts thereof, including clocks and watches</p>	10	24
<p>11. Fotografiese en kinematografiese kameras, vergroters en verkleiners en projektors, met inbegrip van bybehore van hierdie artikels, maar uitgesonderd toerusting vir bioskope en teaters, mikrofilmtoerusting en litografiese bereidingskameras</p>	10	24	<p>11. Photographic and cinematographic cameras, enlargers and reducers and projectors, including accessories for these articles, but excluding equipment for cinemas and theatres, microfilm equipment and lithographic process cameras</p>	10	24
<p>12. Televisie-ontvangers en bybehore daarvan, maar uitgesonderd toekringtelevisie-toerusting</p>	10	24	<p>12. Television receivers, and accessories therefor, but excluding closed circuit television equipment</p>	10	24
<p>13. Televisie-antennestelsels en bybehore daarvan, maar uitgesonderd gemeenskaplike televisie antenestelsels</p>	10	24	<p>13. Television aerial systems and accessories therefor, but excluding communal television aerial systems</p>	10	24
<p>14. Videokassetopnemers en — terugspelers en videobandopnemers en terugspelers</p>	10	24	<p>14. Video cassette recorders and players and video tape recorders and players</p>	10	24
<p>15. Videokasette en videobande</p>	10	24	<p>15. Video cassettes and video tapes</p>	10	24
<p>16. Elektroniese televisiespeletjies</p>	10	24	<p>16. Electronic television games</p>	10	24
<p>17. Meganies-aangedrewe motorvoertuie wat nie aan die bepaling van paragraaf 18 onderworpe is nie, met inbegrip van enige handelsvoertuig, ongeag daarvan of sodanige motorvoertuig na die vervaardiging daarvan ingerig, gebou of aangepas is vir die vervoer van persone, maar uitgesonderd trekkers, oesmasjinerie, landboumasjinerie en -implemente en besproeiingsmasjinerie</p>	20	42	<p>17. Mechanically propelled motor vehicles not subject to the provisions of paragraph 18, including any commercial vehicle irrespective of whether such motor vehicle is subsequent to the manufacture thereof equipped, constructed or adapted for the conveyance of persons, but excluding tractors, harvesting machinery, agricultural machinery and implements and irrigation machinery</p>	20	42
<p>18. Meganies-aangedrewe passasierspadmotorvoertuie wat so ontwerp is dat dit sitplek vir hoogstens 15 persone bied, met inbegrip van motorfietse en motordriewiele</p>	20	42	<p>18. Mechanically propelled road passenger motor vehicles designed to seat not more than 15 persons including motorcycles and motortricycles</p>	20	42"

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 2

1986

VERKLARING TOT NASIONALE
GEDENKWAARDIGHEID: RESTERENDE
GEDEELTE VAN ERF 269, LÜDERITZ DORP,
MET DIE SKAKELHUIS DAAROP

Kragtens artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar die Kabinet hierby die onroerende goed in die Bylae omskryf tot nasionale gedenkwaardigheid vanweë die historiese belang daarvan in genoemde Bylae vermeld.

Op las van die Kabinet.

J.G.A. DIERGAARDT

Voorsitter van die
Kabinet

Windhoek, 4 Desember 1985

BYLAE

BESKRYWING VAN EIENDOM

Resterende Gedeelte van Erf 269, Lüderitz Dorp, met inbegrip van die skakelhuis daarop, geleë in die munisipale gebied van Lüderitz, Registrasie-Afdeling N, en volgens Transportakte 261/1973, gedateer 23 Februarie 1973, groot 7 (sewe) are, 33 (drie-en-dertig) vierkante meter en 79 (nege-en-sewentig) vierkante desimeters en gehou kragtens genoemde Transportakte.

HISTORIESE BELANG

Hierdie skakelhuis met sy tipiese Duits-koloniale kenmerke, is in 1909 vir Edmund Troost deur die bouer Hermann Metje opgerig. Die huis vorm 'n integrerende deel van die argitektoniese straatbeeld van Bergstraat wat ook deel vorm van die historiese kern van Lüderitz, naamlik die "Altstadt"-gebied.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 2

1986

DECLARATION AS NATIONAL MONUMENT:
REMAINING PORTION OF ERF 269,
LÜDERITZ TOWNSHIP, INCLUDING THE
SEMI-DETACHED HOUSE THEREON

Under section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), the Cabinet hereby declares the immovable property described in the Schedule to be a national monument by reason of the historical interest mentioned in the said Schedule.

By order of the Cabinet.

J.G.A. DIERGAARDT

Chairman of the
Cabinet

Windhoek, 4 December 1985

SCHEDULE

DESCRIPTION OF PROPERTY

Remaining portion of Erf 269, Lüderitz Township, including the semi-detached house thereon, situate in the municipal area of Lüderitz, Registration Division N, measuring, according to Deed of Transfer 261/1973, dated 23 February 1973, 7 (seven) ares, 33 (thirty-three) square metres and 79 (seventy-nine) square decimetres and held under the said Deed of Transfer.

HISTORICAL INTEREST

The semi-detached house with its typical German colonial characteristics, was erected in 1909 by the builder Hermann Metje for Edmund Troost. The house forms an integral part of the architectural street scene of Berg Street which also forms part of the historical core of Lüderitz, namely the "Altstadt"-area.

Algemene Kennisgewings**General Notices**

No. 1	1986	No. 1	1986
MUNISIPALITEIT VAN GROOTFONTEIN		MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN	
MUNISIPALE TUSSENVERKIESING — 21 OKTOBER 1985 VERKIESINGSUITGAWES		MUNICIPAL BY-ELECTION: 21st OCTOBER 1985 ELECTORAL EXPENSES	

Ingevolge die bepalings van Artikels 81 en 86 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) word die volgende besonderhede verstrek van verkiesingsuitgawes, bewysstukke ten opsigte waarvan gedurende kantoorure vir 'n periode van drie maande vanaf datum van hierdie publikasie ter insae sal lê aan die kantoor van die ondergetekende, Munisipale Gebou, Grootfontein.

KANDIDAAT	UITGAWEHOOFDE	BEDRAG
J N Kaltwasser	(a) — (k)	Nul
P G Mutschler	(a) — (k)	Nul

W P VAN ROOYEN
KIESBEAMPTE

In terms of the provisions of Sections 81 and 86 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) the following particulars of electoral expenses, returns and vouchers in respect of which will be kept open for public inspection at the office of the undersigned, Municipal Building, Grootfontein during office hours for a period of three months from date of this publication, are published herewith.

CANDIDATE	EXPENSE HEADINGS	AMOUNT
J N Kaltwasser	(a) — (k)	Nil
P G Mutschler	(a) — (k)	Nil

W P VAN ROOYEN
ELECTORAL OFFICER

KENNISGEWING**NOTICE**

No. 2	1986	No. 2	1986
Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie Nr. 13 van 1963 soos gewysig, aan ALBERT MANFRED SKOLNIC die geregistreerde eienaar van		Notice is hereby given in terms of Section 171 (1) of the Municipal Ordinance No. 13 of 1963 as amended to ALBERT MANFRED SKOLNIC the registered owner of	

ERF NR. 15
GELEË IN OUTJO DORP
GROOT 3986 VIERKANTMETERS

ERF NO 15
SITUATE IN THE OUTJO TOWNSHIP
MEASURING 3986 SQUARE METRES

dat gemelde Erf verkoop sal word ter verhaal van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u sou na laat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van die laaste publikasie hiervan.

that the abovementioned property will be sold to recover rear rates and interest should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

DIE STADSKLERK
MUNISIPALITEIT
OUTJO

TOWN CLERK
MUNICIPALITY
OUTJO

KENNISGEWING

No. 3

1986

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie Nr. 13 van 1963 soos gewysig, aan JOHANNES FRANCOIS ROBBERTS die geregistreerde eienaar van

ERF NR. 39
GELEË IN OUTJO DORP
GROOT 9341 VIERKANTMETERS

dat gemelde Erf verkoop sal word ter verhaal van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u sou na laat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van die laaste publikasie hiervan.

DIE STADSKLERK
MUNISIPALITEIT
OUTJO

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND

No. 4

1986

WYSIGING VAN SMOUS- EN
VENTERREGULASIES

Die Raad van die Munisipaliteit Swakopmund het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Smous- en Venterregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 127 van 1968 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Kabinet goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Regulasie 14 word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) (i) Smouse, uitgesonderd dié in subparagraaf (ii) hieronder genoem, mag slegs op die afgebakende smousegebiede deur die Raad bepaal, smous.

(ii) Smouse met roomys, grondboontjies, kokies of derglike ligte verversings mag slegs in openbare strate en openbare parkeerterreine smous”; en

(b) deur in paragraaf (c) die woord “dat” deur die woord “dag” te vervang.

NOTICE

No. 3

1986

Notice is hereby given in terms of Section 171(1) of the Municipal Ordinance No. 13 of 1963 as amended to JOHANNES FRANCOIS ROBBERTS, the registered owner of

ERF NO. 39
SITUATE IN THE OUTJO TOWNSHIP
MEASURING 9341 SQUARE METRES

that the abovementioned property will be sold to recover rear rates and interest should it not be paid within three months from the date of the last publication hereof.

TOWN CLERK
MUNICIPALITY
OUTJO

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND

No. 4

1986

AMENDMENT OF HAWKER AND PEDLAR
REGULATIONS

The Council of the Municipality of Swakopmund has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Hawker and Pedlar Regulations promulgated under Government Notice 127 of 1968 as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Cabinet under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

Regulation 14 is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) (i) Hawkers, excluding those referred to in subparagraph (ii) below, may hawk only on the demarcated hawking areas determined by the council.

(ii) Hawkers of ice-cream, peanuts, biscuits or similar light refreshments, may ply their trade only in public streets and public parking areas”; and

(b) by the substitution in paragraph (c) in the Afrikaans text for the word “dat” of the word “dag”.

MUNISIPALITEIT TSUMEB

MUNICIPALITY OF TSUMEB

No. 5

1986

No. 5

1986

WYSIGING VAN
INBOORLINGLOKASIEREGULASIESAMENDMENT OF NATIVE LOCATION
REGULATIONS

Die Raad van die Munisipaliteit Tsumeb het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 325 van 1952 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

The Council of the Municipality of Tsumeb has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 325 of 1952 as set out in the Schedule.

Genoemde wysigings is deur die Kabinet goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

The said amendments have been approved by the Cabinet under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

BYLAE

SCHEDULE

Regulasie 14 van Hoofstuk II word hierby gewysig deur in subregulasie (1) —

Regulation 14 of Chapter II is hereby amended by the substitution in subregulation (1) —

(a) tarief B deur die volgende tarief te vervang:

(a) for tariff B of the following tariff:

“B. Huur van huise, per huis, per maand of gedeelte van 'n maand:

“B. Rental for houses, per house, per month or part of a month:

(1) Seskamerhuise NE 52/4	R24,17
(2) Vyfkamerhuise NE 52/6	R23,34
(3) Vierkamerhuise NE 52/7	R20,79
(4) Vierkamerhuise NE 51/104	R17,46
(5) Vierkamerhuise NE 51/6	R17,59
(6) A — Tipe huise	R33,88
(7) B — Tipe huise	R51,75
(8) C — Tipe huise	R27,38
(9) D — en E — Tipe huise	R20,75
(10) F- Tipe huise	R25,38
(11) G — Tipe huise	R25,71
(12) H — Tipe huise	R24,42
(13) J — Tipe huise	R19,25
(14) Tweevertrekhuis, water-, elektrisiteit-, riool- en sanitasiegelde ingesluit	R16,80
(15) Enkelkwartiere, per persoon	R20,00”;

(1) Six-roomed houses NE 52/4	R24,17
(2) Five-roomed houses NE 52/6	R23,34
(3) Four-roomed houses NE 52/7	R20,79
(4) Four-roomed houses NE 51/104	R17,46
(5) Four-roomed houses NE 51/6	R17,59
(6) A — Type houses	R33,88
(7) B — Type houses	R51,75
(8) C — Type houses	R27,38
(9) D — and E — Type houses	R20,75
(10) F — Type houses	R25,38
(11) G — Type houses	R25,71
(12) H — Type houses	R24,42
(13) J — Type houses	R19,25
(14) Two-roomed houses, including water-, electricity-, sewerage- and sanitation fees	R16,80
(15) Single quarters per person	R20,00”;

(b) in tarief C die bedrae "R15,00" en "R10,00" deur, onderskeidelik, die bedrae "R20,00" en "R15,00" te vervang; en

(c) in tarief F die bedrae "75c" en "50c" deur, onderskeidelik, die bedrae "R10,00" en "R5,00" te vervang.

(b) in tariff C for the amounts "R15,00" and "R10,00" of the amounts "R20,00" and "R15,00", respectively; and

(c) in tariff F for the amounts "75c" and "50c" of the amounts "R10,00" and "R5,00" respectively.

MUNISIPALITEIT KARABURG

No. 6

1986

WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES

Die Raad van die Munisipaliteit Karasburg het kragtens Artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 25 van 1949, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysiging is deur die Kabinet goedgekeur kragtens Artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

BYLAE

Regulasie 16 word hierby gewysig deur paragraaf (g) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(g) Watervoorsiening:

Die tariewe verskuldig en betaalbaar, is die wat vervat is in Bylae B by die raad se Waterleweringsregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 94 van 1940, soos gewysig.”

MUNICIPALITY OF KARASBURG

No. 6

1986

AMENDMENT OF LOCATION REGULATIONS

The Council of the Municipality of Karasburg has under section 32(2) of the Natives (Urban-Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 25 of 1949, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendment has been approved by the Cabinet under section 32(4) of the said Natives (Urban-Areas) Proclamation, 1951.

SCHEDULE

Regulation 16 is hereby amended by the substitution for paragraph (g) of the following paragraph:

“(g) Watersupply:

The tariffs due and payable shall be those contained in Schedule B to the council's Water Supply Regulations promulgated under Government Notice 94 of 1940, as amended.”